

ST. JOSEF DIE WERKER

1 MEI



Die heilige Josef was iemand wat sy brood met sy handewerk verdien het. Onse Here Jesus is waarskynlik deur sy pleegvader as skrynwerker opgelei. Dié fees ter ere van Sint Josef die Werker is in 1955 deur pous Pius XII ingestel. Dit val op die eerste dag van die maand wat tradisioneel aan die Geseënde Maagd Maria toegewy is. Die Kerk beklemtoon die waardigheid van menslike arbeid en die geestelike groei wat daar in harde eerlike hande arbeid te vinde is. Alle menslike arbeid speel 'n rol by hoe ons as gelowiges saamwerk en meewerk met God aan die opbou sy Koninkryk, wat 'n aardse sowel as 'n hemelse dimensie het. Deur ons talente en gawes en werk loof ons God en maak ons van ons wêreld 'n beter en mooier plek. Ons handewerk word 'n middel tot die heiliging van ons lewens as ons dit tot diens van God en ons naaste inspan. Die heilige Josef, Beskermer van die Universele Kerk, het deur sy harde werk 'n veilige tuiste geskep vir die Heilige Huisgesin van Nasaret.